Sondag 29 Oktober 2017

Gebeurtenisse vir die Week:

Datum	Tyd	Gebeurtenis
02 November Donderdag	10:00	Senior Selgroep
05 November Sondag	08:00 08:45- 09:00 09:00 10:15 12:00	Gebedsgroep "Lofkuikens in die Moederskamer" Belydenisaflegging – Ds Willem Strauss Loftjokkers Teeskink – Freek en Debbie Pretorius Sotho Erediens

HERVORMINGSFEES – 500 JAAR VAN REFORMASIE

Deur genade gered om positief te kan leef!

"[23]Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, [24]maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."
(Rom 3:23-24)

Prediker vandag: Ds. Johan Peyper van die Bybelgenootskap van SA

VERGADERINGS:

FBK vergadering
06 November 2017 om 18h30
Sentrale Kerkraadsvergadering
27 November 2017 om 19h00

Emeritaat – Ds Corneil du Plessis

By die erediens vandag word 'n "Akte van Emeritaat" aan ds Corneil oorhandig word. Dit is 'n amptelike handeling deur die kerk wat met elke predikant wat die ouderdom van 65 jr bereik het gedoen word binne ses maande nadat hy die ouderdom bereik het. Soos voorheen bekend gemaak bly ds Corneil egter in diens van die gemeente tot 28 Februarie 2018.

Bankbesonderhede
ABSA – 631142 – 210580026

LERAARS
Leier: Ds. Corneil du Plessis – 082 772 8630
corneil@albertonsuid.com

Ds. Willem Strauss – 082 779 4389
willem@albertonsuid.com

Bedieningsassistent – Rentia Human
082 454 8033 rentia@albertonsuid.com

Saakgelastigde: Amanda Human
011 869 9700 amanda@albertonsuid.com

Bedryfshoof: Frikkie Schroeder
082 557 1953 bedryfshoof@albertonsuid.com

Musiekdirekteur – Rudolf Geldenhuis
071 675 1706 rudi@albertonsuid.com

Beplande Potjiekos kuier-kompetisie
18 November 2017
Ten bate van fondse vir Icon Jeug se nuwe klankstelsel bied ons ‘n Potjie kuier-kompetisie Saterdag 18 November by die kerk aan. Dit gaan ‘n kuier,kook kompetisie wees met lekker musiek en pryse van vroeg middag tot laat aand.
Maak solank ‘n kruisie op die hand, stel die selfoon en kanselleer skoonma se kuier. Meer inligting sal binnekort volg.
Kontak: Marais Wessels 0826011026

Tiende Maand Dankoffers
Dit is die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand. Die akkerboom is groen; Die bloekoms langs die paaie is almal nuut geboen, En orals in die tuin rond ruik jy sering en roos, Jasmyn en katjiepiering, Lemoen en appelkoos."

Nie alleen beskryf C Louis Leipoldt so perfek die pragtige maand van Oktober nie, maar dis ook vir ons as gelowige lidmate weer die mooiste, mooiste maand wanneer ons tradisioneel ons dankbaarheid tasbaar uitleef deur ons Tiende maand offer te gee vir die werk van die Here.

10de maand bydrae koevertjies is by die deure beskikbaar. Kom ons maak vanjaar ’n spesiale jaar om ons dankbaarheid te toon!

Belangrike kennisgewing Debietorders
Neem kennis dat die 10de maand debietorders sal afgaan op 1 November 2017.

Hervormingsfees
Vanmiddag om 15h00 sal daar ‘n interkerklike Hervormingsfees by ons gemeente gehou word. By die geleentheid vier ons die feit dat die Bybel vir ons almal toeganklik geword het deurdat Martin Luther sy 95 stellings teen die kerkdeur vasgeplak het. Die diens word opgeluister deur koorsang, musiek en samesang. U word hartlik uitgenooi om deel te neem en God te dank vir Sy groot genade.

Belydenis aflegging 05 November 2017
Belydenisaflegging vind volgende Sondag plaas. Parkering by die hoofingang, by die kerktorning gaan afgesper word. Die kinders wat Belydenis van geloof aflê gaan voor die diens daar bymekaar kom.

Belydenisaflegging 2018
Gaan jou tiener in 2018 belydenis aflê? Bly dan asseblief Sondag 12 November 2017 na die diens in die kerk agter vir die jaarlikse ouer gesprek.

Kerssangdiens:
Neem asseblief kennis dat die Kerssangdiens vanjaar plaasvind op Sondagaand 26 November. Teken hierdie datum solank aan en begin om julle vriende te nooi na hierdie heerlike gebeurtenis.

Senior Lidmate Bederf dag – 22 NOVEMBER
Ons Senior lidmate se bederf oggend word op 22 November gehou en nie op 23 November soos die kalender aantoon nie. Meer besonderhede later.

“IN DIE EVANGELIE KOM JUIS TOT OPENBARING DAT GOD MENSE VAN HULLE SONDE VRYSPREEK ENKEL EN ALLEEN OMDAT HULLE GLO. DIT IS SOOS DAAR GESKRYWE STAAN: ‘ELKEEN WAT DEUR GOD VRYGESPREEK IS OMDAT HY GLO, SAL LEWE.’”

(ROMEINE 1:17)

Verjaarsdae

29 Oktober Sondag	Hayley Armstrong, Dejan du Plessis, Armand du Preez, Mot Oberholzer, Izak Ras, Nettie van Niekerk.
30 Oktober Maandag	Japie de Villiers, Renier Erasmus, Niel Grobler, Vaughn Hechter, Selomie Raubenheimer, Adri Rooseboom, Jean Smit, Craig van den Bergh.
31 Oktober Dinsdag	Marlize de Bruin, Brendon de la Rey, Wihan van der Merwe, Colette van Wyk, Quinten Vermeulen, Ernest Viljoen.
01 November Woensdag	Rene Adlem, Cherease Botha, Craig Bourne, Corrie de la Rey, Paul Engelbrecht, Sonja Range, Chris Venter, Dawie Visagie.
02 November Donderdag	Joan Brodziak, Lydia Cochrane, Chante du Preez, Nora du Preez, Linda Pienaar, Petra van der Merwe, Anton van Niekerk.
03 November Vrydag	Susan Blom, Henro Saayman, Marinda Smook, Charlè Terblanche, Pierre van As.
04 November Saterdag	Hanru Booysen, Willie Cronje, Martie Greeff, Elize McLaughlin, Jacques van der Merwe, Ria van der Merwe.

Martin Luther

Lief & Leed

Susan van Zyl 011 869 1787, Chris Botha 083 633 3188, Brenda Symons 079 984 4011.

Susan Pretorius – Haar operasie was uitgestel na Woensdag. Alles het goed verloop. Ons is saam met haar dankbaar.

Maak 'n bydrae of doen 'n betaling met SnapScan!

"JULLE IS INDERDAAD UIT GENADE GERED, DEUR GELOOF. HIERDIE REDDING KOM NIE UIT JULLESELF NIE; DIT IS 'N GAWE VAN GOD ... GOD HET ONS GEMAAK WAT ONS NOU IS: IN CHRISTUS JESUS HET HY ONS GESKEP OM ONS LEWE TE WY AAN DIE GOEIE DADE WAARVOOR HY ONS BESTEM HET."

(EFESIËRS 2:8, 10)

NGKAS – Kommunikasie Beampte
Gegewe die veranderings wat tans binne die gemeente geïmplementeer word, het die Kerkraad ‘n behoefte om ‘n Kommunikasie Beampte op ‘n vaste termynkontrak vir ‘n 6 maande periode aan te stel. Die persoon sal verantwoordelik wees vir ‘n wye reeks aktiwiteite om gesonde kommunikasie binne en buite die gemeente te bevorder. Die persoon moet rekenaarvaardig wees en met alle vorms van digitale en ander kommunikasie vertroud wees en dit prakties kan aanwend. Die pos sal ook van die bekleër vereis om die inligtingsbronne te organiseer en bestuur. Tersiêre opleiding en/of uitgebreide ondervinding in die gebied van kommunikasie sal ‘n vereiste wees.
Aansoeke sluit 6 November 2017

Medeleraarspos

Beroepingsproses: Die Beroepingskommissie het ‘n kortlys van drie kandidate gefinaliseer met wie daar onderhoude gevoer sal word op 11 en 18 November. Hulle sal ook elkeen ‘n preekbeurt kom waarneem op die volgende datums: 12 November – Ds Suzanne van der Merwe
19 November – Prop Nico Lochner
26 November – Ds Natalia Strydom.
Ons nooi almal hartlik uit na hierdie geleenthede. Bid asseblief vir hierdie hele proses.